RiG Adviesdienste I info@rig.ac I 086 1221 777

Markte op Maandeinde

Markte en ekonomiese aanwysers

Indeks	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
JSE Top40	1.1	7.2	22.2	16.3
JSE Mid cap	4.2	-1.1	7.5	14.2
JSE Small cap	3.8	1.3	10.8	29.8
All Share Indeks (ALSI)	1.4	5.9	19.6	16.1
All Bond Indeks (ALBI)	4.6	1.8	8.2	7.6
Hulpbron Indeks	-8.2	-10.5	2.9	12.8
Industriële Indeks	3.7	18.7	36.8	14.1
Finansiële Indeks	11.4	6.4	15.6	21.7
Gelyste Eiendom Indeks	0.9	-4.4	10.0	11.3
MSCI Wêreld Indeks*	6.1	15.4	19.1	12.7
S&P 500*	6.6	16.9	19.6	14.6
Dow Jones*	4.7	4.9	14.2	12.3
FTSE 100*	4.0	9.1	14.3	11.9
Hang Seng Indeks*	4.4	-3.1	-10.5	-5.7
Nikkei 225 Indeks*	3.9	15.3	18.2	3.6

(Bron: Fundhouse) *Opbrengs uitgedruk in USD terme

Geldeenheid (Positief = Rand versterk)	1 Maand (% verander)	Jaar tot datum (% verander)	1 jaar (% verander)	3 jaar (% per jaar verander)
Rand/Dollar	4.7	-11.0	-15.3	-2.8
Rand/Euro	2.4	-13.5	-20.3	-1.8
Rand/GBP Pond	2.2	-17.3	-20.7	-3.8

(Bron: Fundhouse)

Rentekoerse	
Repokoers	8.25%
Primakoers	11.75%

(Bron: SARB)

Inflasiekoers (Junie 2023)	
Hooflyn inflasie (VPI)	5.4%
Produsenteprysindeks (PPI)	4.8%

(Bron: SARB)

Junie oorsig

Minder kragstasieonderbrekings en minder verpligte onderhoudsperiodes by Eskom het in Junie beter beurtkragskedules vir Suid-Afrikaners beteken.

Sedert November 2021 het die SARB rentekoerse met ’n kumulatiewe 4,75% verhoog. Dít, tesame met hoë inflasie en swak regeringsbeleidskeuses, plaas groot druk op die ekonomie, en huishoudings voel die knyp. Aanhoudende inflasie bly ’n bekommernis en SA inflasieverwagtinge het vir die volgende twee jaar gestyg, wat aan die SARB gronde gee om sy koersverhogingsiklus te verleng. Gemiddelde inflasieverwagtinge vir 2023 het tot 6,5% gestyg.

Verbruikersvertroue het tot sy tweede laagste lesing sedert 1994 gedaal, wat verbruikers se kommer oor die land se ekonomiese vooruitsigte en hul huishoudelike finansies weerspieël. ’n Bietjie positiewe nuus is dat SA en Duitsland in Junie ’n ooreenkoms onderteken het om ’n taakspan te vorm wat die skepping van projekte sal fasiliteer om in die wêreldvraag na groen waterstof te voorsien.

Wêreldwye finansiële markte het in Junie wesenlik verbeter en het stewige winste vir die eerste helfte van die jaar aangeteken. Belowende Amerikaanse ekonomiese data is vrygestel, wat aandui dat ekonomiese groei sterk bly.

Soos algemeen verwag, het die Federale Reserweraad, na tien opeenvolgende rentekoers-verhogings, hul voortgesette koersverhogings in Junie op hou geplaas.

Die Europese ekonomie bly onder druk weens hoë en taai inflasie. Beide die Europese Sentrale Bank en Bank van Engeland het rentekoerse twee keer in die tweede kwartaal verhoog om inflasie te probeer bekamp. Ekonomiese data dui daarop dat die Eurosone gedurende hul winter ’n ligte resessie beleef het.

In China was die ekonomiese herstel swak met ’n stadiger as verwagte toename in besteding. Uitvoere en invoere het gekrimp, en fabrieksuitsette het afgeneem. China se fabrieksaktiwiteit, soos gemeet aan die vervaardigingsaankope-bestuurdersindeks, was teleurstellend.

Beduidende kommer oor politieke stabiliteit het in Rusland na vore gekom toe die Russiese huursoldaatgroep, Wagner, in opstand gekom het.

Vrywaring:
Die bogenoemde inligting is slegs vir inligtingsdoeleindes, en nie advies soos gedefinieerd in die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, 37 van 2002, nie. Alhoewel alle maatreëls geneem is in die voorbereiding van hierdie dokument, aanvaar RiG Adviesdienste (Pty) Ltd geen verantwoordelikheid vir enige optrede wat mag voortspruit uit hierdie dokument nie. Raadpleeg ons vir persoonlike advies gepas vir jou omstandighede. RiG Adviesdienste (Pty) Ltd is ‘n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer (FSP nommer: 44730).